AMELIA GENIS agenis@landbou.com

Groei in kanola en gars verwag

LINKS: Projeksies toon dat die oppervlakte onder kanola teen 2022 tot 100 000 hektaar kan styg en die totale produksie tot 160 000 ton opgestoot kan word.

LIGGING

Winterreënstreke:
1. Swartland.
2. Overberg.



KORTOM

- 'n Groter vraag na moutgars en kanola kan daartoe lei dat koring dalk vir dié gewasse plek kan maak.
- Die kanolabedryf staar dalk 'n tekort aan verwerkingskapasiteit in die gesig as die gemiddelde opbrengs tot 1,6 t/ha styg.
- Produksie in die winterreëngebied is besig om te stabiliseer, wat mededinging oor die lang termyn sal verseker.

Die relatief hoë pryse en verhoogde verwerkingskapasiteit vir kanola en gars kan boere in die winterreëngebied noop om koringproduksie te laat krimp.

Die verhoogde aanvraag na moutgars en kanola kan daartoe lei dat aanplantings van dié gewasse ten koste van koringhektare uitbrei, volgens die jongste vooruitskouing van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP).

Prof. Ferdi Meyer, direkteur van die BFAP, het by dié buro se landbouvooruitskouing vir 2013 tot 2022 op Somerset-Wes gesê hulle verwag dat koring in die Swartland in die toekoms vir kanola kan plek maak.

Eweneens kan moutgarsproduksie toeneem wanneer die "beperking" van vermoutingskapasiteit met die voltooiing van SAB Miller se nuwe aanleg by Alrode teen April 2015 opgehef word. Die nuwe aanleg, met 'n kapasiteit van 130 000 ton, sal die maatskappy se bestaande vermoutingskapasiteit van 220 000 ton met 90 000 ton verhoog tot 310 000 ton.

Mnr. Thinus van Schoor, hoofbestuurder van SAB Maltings op Caledon, het in April by die Garsprodusent van die Jaar-toekennings in Kaapstad gesê die vergrote kapasiteit gaan groot geleenthede vir garsprodusente skep, veral ten opsigte van HFM-gars, oftewel hoë FAN- (vrye amino-stikstof) moutgehalte-eienskappe. Plaaslike verskaffing verteenwoordig 65% van die gars wat SAB Miller jaarliks verwerk, en hulle hoop om dit tot 90% op te stoot.

Die BFAP-verslag voorspel dat moutgarsproduksie veral in die binnelandse besproeiingsgebiede kan toeneem. Waar dit in die droëlandgebiede toeneem, sal dit ten koste van koringverbouing wees. Die verslag sê hoewel koring 'n "makliker" gewas is om te verbou, moutgars met "baie akkurate bestuurspraktyke" hoër winsmarges kan lewer.

TEGNIES DOELTREFFEND

Die BFAP se vooruitskouing toon dat winterkoringproduksie min of meer konstant gaan bly; produksie van somerkoring gaan ná die droogte herstel en die hoeveelheid koring wat ingevoer moet word, gaan eersdaags binnelandse produksie oorskry. Suid-Afrika sal in die tydperk onder oënskou, 'n netto invoerder van koring bly.

Die BFAP het weer die opbrengs- en produksiekoste van 'n sogenaamde tipiese plaas in die Overberg vergelyk met syfers van tipiese plase in Argentinië, Duitsland, Frankryk, Rusland en Amerika, en gevind dat hoewel die Overbergplaas die afgelope vier jaar die hoogste gemiddelde produksiekoste per ton toon, die tegniese doeltreffendheid in terme van kilogram graan geoes per kilogram toegediende stikstof net-net deur die plaas in Argentinië oortref word.

"Die Overberg vaar tegnies baie goed. Produksie in die winterreëngebied is besig om te stabiliseer, wat hulle op die duur mededingend maak," sê Meyer.

Die vooruitskouing voorspel 'n hoër Safexprys vanweë 'n internasionale koringprys wat gemiddeld hoër sal wees en die depresiasie van die rand. Die BFAP voorspel dat die koringprys van 2014 tot 2016 gaan daal weens laer internasionale pryse. Dit is ook wanneer die tarief van R400 per ton op ingevoerde koring gaan inskop. **LBW**

PRODUKSIE

BYDRAE TOT WISSELBOU

Kanolaproduksie het van 33 000 ha in 2007 tot 'n verwagte 60 000 ha vanjaar toegeneem. Die BFAP voorspel 'n opwaartse neiging vir kanolapryse tot 2022. Omdat die gewas so 'n groot bydrae tot wisselboustelsels en onkruidbestryding kan lewer, kan die gebied onder kanola teen 2022 tot 100 000 ha styg. Die bedryf, met sy huidige verwerkingskapasiteit van 80 000 ton, kan vorentoe 'n tekort ondervind as die gemiddelde opbrengs tot 1,6 t/ha styg en die totale produksie tot 160 000 ton styg, soos voorspel.